**Willem Postma**
**Preprimêr Skool**
Gen. Hertzogstraat 100 - Dan Pienaar - BLOEMFONTEIN - 9301

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

# GEDRAGSKODE VIR LEERDERS EN OUERS VAN DIE PREPRIMêR

**Hierdie dokument sluit slegs die gedeeltes van die gedragskode in van toepassing op die leerders en ouers. Die volle dokument is wel op aanvraag beskikbaar.**

## 1. INLEIDING

Die Gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 ("die Grondwet"), die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) ("die Skolewet"), die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 72 van 1996), Riglyne vir Gedragskode vir Leerders, asook toepaslike regulasies en provinsiale wetgewing. Die Gedragskode moet saam met die Skool se beleide gelees word.

## 2. WOORDOMSKRYWING

Betekenis van die woorde vervat in die dokument word hieronder aangedui:

2.1. "Leerder" beteken `n kind wat by Willem Postma Preprimêr ingeskryf is en wie opgevoed en onderrig word deur `n opvoeder van die Skool.

2.2. "Opvoeder" beteken `n persoon wat ander persone leer, opvoed of oplei of wat professionele terapie verskaf by enige skool, of help om 'n professionele diens te lewer wat by die Departement van Onderwys geregistreer is, of wat 'n bydrae lewer tot die implementering en versterking van die kurrikulum, byvoorbeeld onderwyseresse, assistente, preprimêre hoof, terapeute en buitemuurse programaanbieders.

2.3. "Ouer" beteken die ouer of voog van `n leerder, en/of die persoon wat regtens die plig van bewaring en versorging van `n leerder het en/of die persoon wat onderneem om die verpligting ten opsigte van `n leerder se skoolopvoeding na te kom.

2.4. "Personeel" beteken persone wat in diens staan van die Skool, dit sluit in onderwyseresse, assistente, sekretaresse, preprimêre hoof en skoonmaakpersoneel.

2.5. "Skool" beteken Willem Postma Preprimêr.

2.6. "Skoolreëls" beteken alle reëls wat deur die ouers onderteken word by die inskrywing van die Leerder in die skool. Enige wysiging daaraan sal aan die ouer voorsien word en sal deel vorm hiervan.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

## 3. ALGEMEEN

Die gedrag van bogemelde partye sal ten alle tye sodanig wees dat dit die respek van ander Leerders, opvoeders, personeel, diensverskaffer, ouers, voogde en die gemeenskap sal afdwing tot voordeel van die Skool.

Geen van die bogemelde partye dra ten enige tyd meer gewig as die Landswette of die Gedragskode soos deur die Onderwysowerheid voorgelê nie.

## 4. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

Die doel van hierdie Gedragskode is om positiewe dissipline te bevorder en aan te moedig. Dit is ook daargestel om selfdissipline aan te leer en dit te handhaaf.

Leerders wat by die Skool ingeskryf word is onderworpe aan `n Gedragskode en dit moet stiptelik nagekom word. Indien dit deur die partye geminag word, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedures teen die sodanige party/e opgetree word.

## 5. PROSEDURE OM TE VOLG BY NIE-NAKOMING VAN GEDRAGSKODE

In gevalle waar personeel, opvoeders en/of ouers van mening is dat `n ander Leerder, personeellid, opvoeders of ouer nie aan die Gedragskodes voldoen soos hierin uiteengesit word nie, kan `n skriftelike klagte aan Willem Postma se Skoolhoof en Beheerraadsvoorsitter gestuur word, waarna die aangeleentheid ondersoek sal word en aksie, indien nodig, geneem sal word.

Indien Leerders ingebreke bly om aan die bepalings van die Gedragskode te voldoen, sal dit in terme van `n dissiplinêre proses, soos uiteengesit in die Skolewet, aangespreek word.

Die volgende moet altyd in ag geneem word:

Elke kindjie het die reg om optimaal te ontwikkel en alles wat ‘n invloed op die klein kind se gedrag kan hê, moet oorweeg word, aangesien dit die Skool se taak is om elke kindjie in ons sorg “leerbaar” te kry. ‘n Gemiddelde aanpassingstyd van ses weke, moet aan nuwe Leerders gegun word. Indien gedrag nie verbeter nie, moet hindernisse geïdentifiseer word en uit die weg geruim word. Indien die opvoeder dit nie self kan doen nie, moet verwysings gedoen word na buite-opvoeders wat wél kan.

Personeel en diensverskaffers wat in gebreke bly om aan die bepalings van die Gedragskode te voldoen, sal in terme van dienskontrakte op die arbeidswetlike wyse aangespreek word.

Ouers wat in gebreke bly om die voorwaardes van die Gedragskode na te kom, sal deur die Beheerraad genooi word vir `n gesprek in die verband. Ouers wat volhard in die nie-nakoming van die Gedragskode kan sekere geleenthede by die skool belet word.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

## 6. MENSEREGTE

Elke landsburger het sekere regte wat beskerm moet word binne die Grondwet. Die fundamentele regte van burgers moet verder beskerm word deur die beginsels van die gemenereg en nasionale wetgewing.

Elkeen is geregtig op:

a) Gelykheid
b) Menswaardigheid
c) Privaatheid en om my lewe te lei met die minimum inmenging
d) Vryheid van geloof en mening
e) Vryheid van uitdrukking
f) Vryheid van assosiasie
g) Politieke regte
h) Arbeidsregte
i) Taal en kultuur
j) Beskerming van en respek vir my waardigheid as opvoeder

## 7. DISSIPLINE

Dissipline is die hulp en leiding wat aan die kind gebied word om sosiaal onaanvaarbare gedrag te verander na gekontroleerde, aanvaarbare gedrag. Dissipline is ‘n noodsaaklike en onvermydelike voorwaarde vir opvoeding. Sien ook die skoolbeleid wat handel oor dissipline.

### 7.1. Selfdissipline

Die opvoeder se grootste taak is om die kind te lei tot selfdissipline.

Die manier waarop dissipline toegepas word, is uiters belangrik. Die kind behoort te besef dat dit sy/haar gedrag is wat onaanvaarbaar is en nie hy-/syself nie.

Slegs diegene wat self gedissiplineerd is, kan ander lei en vooruit help.

Die opvoeder verhoog of verbeter die kind se selfbeeld en selfvertroue deur positiewe versterking van aanvaarbare gedrag, sodat hy/sy nie nodig het om stout of aggressief te raak om aandag te kry nie.

### 7.2. Toepassing van dissipline

Elke onderwyseres het haar eie, unieke stelsel van dissiplinering. Onderskeie dissiplineringsisteme word wel gebaseer op die volgende gedeelde riglyne:

a) Dissiplineer kinders met liefde, wedersydse vertroue en respek. Waak teen die vernedering van ‘n kind voor die groep.
b) Bespreek die probleem met die Leerder sodat hy/sy begrip kan hê vir die teregwysing.
c) Wees streng en beslis, maar regverdig teenoor alle Leerders.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

d) Lê duidelike en vaste reëls neer sodat eise aan Leerders redelik en altyd binne perke van hulle vermoëns is.
e) Maak altyd seker dat Leerder weet hoekom hy/sy gestraf is.
f) Wees ten alle tye, sonder uitsondering, konsekwent (dus géén witbroodjies nie).
g) Neem die tyd van die dag in ag, asook die volgende aspekte wat gedrag kan beïnvloed:

- ooreising, moegheid
- bloedsuiker
- verveeldheid
- oorstimulasie

### 7.3. Straf

Straf gaan gepaard met vrees en ongerief en word daarom uiters versigtig aangewend. Leerders word egter nooit toegelaat om ander Leerders skade aan te doen, seer te maak of om eiendom te beskadig nie.

Die doel van straf is:

a) Voorkomend: Dit beperk die herhaling van onaanvaarbare gedrag.
b) Opvoedingsmiddel: Dit maak die kind daarvan bewus dat sekere handelinge verkeerd en sosiaal onaanvaarbaar is.
c) Motiveerder: Dit motiveer die Leerder om korrek op te tree.

Die straf pas altyd by die oortreding.

Ontneming van voorregte of verwydering uit die situasie waar verkeerde gedrag plaasvind, word oordeelkundig aangewend. Weerhouding van deelname aan die opvoedkundige program, bv. storievertelling, word nie as strafmiddel gebruik nie. Geen eensame afsondering of ontneming van basiese regte is toelaatbaar nie.

### 7.4. Lyfstraf

Liggaamstraf word onder geen omstandighede deur enige personeellid, aan ‘n Leerder toegedien of beloof nie. Sien Skoolbeleid oor lyfstraf.

Indien so ’n geval aangemeld word, kan dit lei tot onmiddelike ontslag van die personeellid.

Ernstige oortredings deur Leerders word by die Preprimêre hoof aangemeld.

Indien afkeurenswaardige gedrag herhaaldelik voorkom en ‘n oplossing nie intern gevind kan word nie, reël die preprimêre hoof ‘n afspraak met die ouers en die klasonderwyseres om die ouers se samewerking te verkry.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

## 8. ROOK EN ALKOHOLGEBRUIK

Volgens die Skool se beleid, ondersteun deur wetgewing, word rook en alkoholgebruik op die skoolperseel verbied.*

## 9. GEDRAGSKODE VAN DIE LEERDERS

### 9.1. Regte van die Leerder

Ek, die ouer, verstaan dat my kind die volgende regte het: en onderneem om dit vir hom/haar te leer en verduidelik:

1. Dat daar nie teen my gediskrimineer mag word nie;
2. Dat ek met gelykheid behandel moet word;
3. Dat ek die reg het tot privaatheid, respek en waardigheid;
4. Dat ek die reg het tot vreedsaamheid, vryheid en veiligheid;
5. Dat ek die reg het tot vryheid van uitdrukking en om te sê as ek ontevrede is met iets;
6. Dat ek die reg het op onderrig.

Ek onderneem om dit aan my Leerder te verduidelik om die volgende begrip by hom/haar te bewerkstellig:

Ek, die Leerder, weet dat ek regte het in terme van die Grondwet, en ook dat ander mense dieselfde regte het. Ek respekteer almal se regte, maak nie saak wat hul ras, geloof, taal, seksuele oriëntering, geslag en sosio-ekonomiese agtergrond is nie.

Ek weet dat almal gelyk is en belowe om so op te tree dat ek niemand deur by optrede sal benadeel nie.

### 9.2. Pligte en verantwoordelikhede van die Leerder

As vennote in die onderwys, verwag die Skool van die ouers om die onderstaande begrip van die Leerder se pligte en verantwoordelikhede by hom/haar te bewerkstellig.

#### 9.2.1. Respek vir my onderwyseres

Ek verstaan dat my juffrou daar is om my te beskerm en te leer en daarom sal ek alles in my vermoë doen om na haar te luister en haar te gehoorsaam.

Ek verstaan sy moet my en die ander maatjies beskerm en keer dat ons seerkry en daarom is daar reëls. Ek sal my bes doen om by hierdie reëls te hou.

Ek verstaan my juffrou is ‘n grootmens en dat sy net my beste belange op die hart het. As my hartjie seer is, sal ek met haar praat en kan ek weet dat sy my sal help sover as wat sy kan.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

### 9.2.2. Respek vir my maatjies

Ek belowe om my maatjies te respekteer en nie op te tree om hul menswaardigheid aan te tas nie. Ek weet daar is maatjies van ander ras, kultuur, geslag en geloof as ek, maar dat elkeen gerespekteer moet word.

Al het die maatjies nie dieselfde mammas en pappas nie, is ons almal deel van die Willem Postma-gesin en daarom moet ons mekaar liefhê, soos boeties en sussies.

Ek belowe om my maatjies lief te hê en om my bes te doen om nie hulle lyfies of hulle hartjies seer te maak nie. Ek sal ook my bes doen om nie lelike goed vir die maatjies te sê nie.

As 'n maatjie my seermaak, sal ek dit vir my juffrou sê, sodat sy my kan help. As 'n Leerder van Willem Postma sal ek almal met liefde en respek hanteer.

### 9.2.3. Respek vir personeel, diensverskaffer en besoekers

Ek belowe ook om vir al Willem Postma se juffrouens te luister, asook vir ander grootmense wat met my werk. Ek sal ook ander grootmense wat by Willem Postma kom kuier vriendelik groet.

### 9.2.4. Respek vir die omgewing en skoolfasiliteite

Ek belowe om mooi na Willem Postma te kyk. Ek sal papiere en gemors in die asblik te gooi. Ek sal help om speelgoed op te tel en weg te pak. Ek sal nie die speelgoed of meubels breek nie.

### 9.2.5. Gehoorsaamheid aan organisatoriese- en gedragsreëls

Ek verstaan reëls is daar om my te beskerm en daarom sal ek dit gehoorsaam. Ek sal luister na die juffrouens en ook na die reëls van die klas en die skool. As ek nie luister nie, sal ek gestraf word.

### 9.2.6. Veiligheid

Wanneer Mamma of Pappa my by die skool aflaai, word Juffrou my mamma en moet sy my veilig hou. Sy kan dit nie doen as ek by Willem Postma se hek uitgaan nie. Ek mag nie by die kantoor ingaan sonder 'n ander grootmens nie. Ek mag net saam met my mamma of pappa by die skool se hek uitstap, behalwe as Mamma of Pappa vir my gesê het dat iemand anders my sal kom haal. As ek by die skool se voorhekkie uitloop, sal ek altyd iemand se hand vashou en nie vooruit hardloop nie, want ek weet daar ry karre en ek kan baie seer kry.

### 9.2.7. Akademiese aangeleenthede

Ek verstaan ek is by Willem Postma om te leer. Om te kan leer, moet ek werkies in die klas doen. Ek mag ook nie ander maatjies so pla dat hulle nie 'n kans kry om te leer nie. As ek dit oor en oor doen, mag juffrou 'n ouer bel om my te kom haal. Ek sal probeer om altyd die waarheid te praat.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

## 10. GEDRAGSKODE VAN DIE OUERS

### 10.1. Verantwoordelikhede

Ouers bly die werklike opvoeder van hul kind(ers) en dit is die ouer se verantwoordelikheid om toe te sien dat sy/haar kind(ers) die nodige opvoeding ontvang. Hierdie basiese opvoeding wat die kind moet ontvang vanaf sy ouer kan nie in die hande van die Skool gelaat word nie. Die Skool behartig die deel van die opvoedingstaak wat, weens die gespesialiseerde aard daarvan, nie geredelik deur die ouers uitgevoer kan word nie. Die Skool en ouer het hul eie rol in die opvoeding van die kind en die een kan nie sonder die ander `n sukses van hul taak maak en oorneem nie.

Elke ouer van Willem Postma is daartoe verbind om:

a) Dissipline van Leerder(s) te handhaaf.
b) Skoolreëls en –beleide te aanvaar.
c) Die skoolomgewing en skoolfasiliteite te respekteer.
d) Die multikulturaliteit van mede-ouers te herken.
e) So op te tree dat dit nie die menswaardigheid van ander ouers sal aantas nie.
f) Personeel, opvoeders, bestuur en besoekers te respekteer.
g) Die Gedragskode van die Skool te ondersteun.
h) Die preprimêre hoof te ondersteun in haar besluite en bestuur van die Skool.
i) Die vrymoedigheid te hê om enige probleme of verskille met die preprimêre hoof te bespreek.
j) Met die onderwyseres in verbinding te kom indien `n probleem by/met die Skool ervaar word.
k) Die openbare beeld van die Skool te bevorder;
l) 'n Positiewe boodskap uit te dra na die potensiële ouers/kliënte van die Skool.
m) Saam met die onderwyseres te werk tot voordeel van die Leerder sonder om oor te neem of in te meng met die pligte en spesialiteitsveld van die Skool nie.
n) Die opvoeders te erken as plaasvervangende ouers van die Leerder(s) en die gesag van die opvoeders te ondersteun.
o) Om nie na die media te gaan met probleme nie, maar probleme eers met die preprimêre hoof of onderwyseres te bespreek.
p) Toe te sien dat die Leerder(s) elke dag skool bywoon en, indien afwesig, dit onder die aandag van die Skool te bring en om persoonlik reëlings te tref indien die Leerder(s) vroeg die Skool gaan verlaat.
q) Leerder(s) betyds af te haal aan die einde van die skooldag.
r) Met die onderwyseres privaat te reël vir afhaal van Leerder(s) of verdere reëlings en nie op die groepe wat geskep word vir die onderwyseresse om met ouers te kommunikeer nie (buiten in die geval van afhaal van Leerders by middagsorg siende dat die groep juis vir dié doel geskep is).
s) 'n Verslag van vordering te ontvang en met die onderwyseres en Leerder(s) te bespreek.
t) Ouervergaderings by te woon.
u) Omsendbriewe te lees en daarop te reageer.
v) Om nie onderwyseresse of personeel te probeer omkoop om sekere gunste aan die Leerder(s) te bewys nie.
w) Toe te sien dat Leerder(s) gesond en skoon is en dat hy/sy geïmmuniseer is soos vereis deur die Gesondheidsdepartement.
x) Enige verandering in die Leerder(s) se huislike omstandighede onder die Skool se aandag te bring.
y) Die Skool te voorsien van korrekte telefoonnommers, addresse en geboortesertifikate.
z) Gereeld en betyds skoolgeld te betaal of reëlings met die Finansiële Komitee te tref.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

aa) 'n Positiewe houding te kweek tussen die Leerder, die opvoeders en die Skool deur aktief betrokke te raak by aktiwiteite van die Skool.
bb) Enige skade aan die gebou of ander toerusting aangerig deur die Leerder(s) te vervang of te herstel.
cc) Algemene vrywaringsvorm te onderteken voordat die Leerder(s) aan enige aktiwiteite by die Skool mag deelneem of met `n bus vervoer mag word.
dd) Die Skool te ondersteun met sekere veiligheidsmaatreëls wat ingestel word om die veiligheid van die Leerder(s) te verseker.
ee) Toe te sien dat die Leerder(s) Vrydae korrekte skooldrag dra.
ff) Funksies en geselligehede van die Skool te ondersteun.

**10.2. Regte van ouers**

Ek, as ouer, weet ek is geregtig op die volgende:

a) Om op die Beheerraad te dien indien demokraties verkies.
b) Om te verwag dat die standaard van onderwys korrek en in lyn is met die beginsels soos vervat in die Skolewet.
c) Gereeld op hoogte gehou te word ten opsigte van die vordering van my kind(ers) by die skoolaktiwiteite of gedragsafwykende gedrag indien dit geopenbaar word.
d) Enige probleme met die opvoeders, preprimêre hoof of die Skoolhoof te bespreek, maar op so `n manier dat die integriteit van geen persoon afgekraak word nie / sy of haar regte nie aangetas word nie.
e) Deel te neem in die besluitnemingsprosesse en funksies soos van tyd tot tyd deur die Skool verlang.

**10.3. Pligte van ouers**

Elke ouer van Willem Postma verbind hulle tot:

a) Die opvoeding van Leerders tot verantwoordelike en selfstandige besluitnemers.
b) Die kweek van `n pligsbesef by Leerder(s).
c) Die handhawing van dissipline by Leerder(s).
d) Die behandeling van opvoeders, personeel en bestuur met respek.
e) Die aanvaarding van die skoolreëls en beleide en die bevordering daarvan by die Leerder(s).
f) Respek vir die skoolomgewing en skoolfasiliteite.
g) Die erkenning van multikulturaliteit van mede-ouers en dat hulle so sal optree dat hulle nie die menswaardigheid van die ander ouers sal aantas nie.
h) Respek vir personeel en besoekers.

**10.4. Besoeke aan skool om onderwyseresse te spreek**

Ouers onderneem om vooraf `n afspraak te maak. Ouers onderneem om nie tydens klastyd die onderwyseres te steur nie, aangesien dit die onderrig in die klas sal onderbreek. Indien die preprimêre hoof teenwoordig moet wees, moet ouers `n afspraak by die sekretaresse maak.

**Willem Postma**
**Preprimêr Skool**
Gen. Hertzogstraat 100 - Dan Pienaar - BLOEMFONTEIN - 9301

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

**AANHANGSEL A: ONDERNEMING TOT GEBONDHEID**

Hiermee erken ek dat ek die Gedragskode noukeurig deurgelees het en onderneem ek om my daarby te hou.

**GEDRAGSKODES VAN LEERDERS EN OUERS**

Geteken te ________________ op hierdie _________ dag van ______________ 20 ______

____________________________________ ____________________________________

Vader se naam en van Handtekening van Vader

____________________________________ ____________________________________

Moeder se naam en van Handtekening van Moeder

____________________________________ ____________________________________

Voog se naam en van Handtekening van Voog

Leerder/s se naam en van: ________________________________________________________